

Vrydag 21 Oktober

Skrifgedeelte: Handeling 13:4-12 (AFR53)

Fokusgedeelte: Handeling 13:7, 12

**Die onkeerbare geloof in die onkeerbare genade van Christus laat ons
verwonderd**

Ons besef nie meer aldag hoe wonderbaarlik dit is dat ons kan glo in God nie. Ons besef nie altyd hoe wonderlik dit is dat ons Hom kan liefhê sonder dat ons Hom sien nie.

As ons dink aan die geskiedenis van Elymas soos Handeling 13 ons dit leer, word weer ons opnuut herinner aan hoe ons die geloof verkry. God sonder vir Paulus en Barnabas af om na Ciprus te gaan met die doel om daar die evangelie te gaan verkondig. Deur die Gees van God is hulle gelei na Pafos, 'n plek wat in daardie tyd die sentrum vir die aanbidding van die afgod Venus was. Natuurlik was Elymas die towenaar en valse profeet uit die Jode, ook daar by die goewerneur Sergius Paulus wat die Woord van God wou hoor.

As ons dink aan die feit dat die goewerneur gelowig word soos vers 12 ons leer, moet ons goed verstaan dat dit nie kon gebeur sonder 'n wonderbaarlike bestiering van God nie. Hy sonder nie net apostels af om aan Hom die Woord van God te openbaar nie, maar bewerk dit so dat sy Gees die hart van die man voorberei en dat hy ten spyte van alles wat hy tot hier in sy lewe geleer het van die afgodediens, en ten spyte van Elymas se teëstand, nog die Woord van God begeer en nog daardeur tot die geloof gebring word. Ons moet onthou dat Elymas deur Paulus as 'n listige kind van die duiwel beskryf word wat beteken sy teëstand was nie lig nie. God het sy bekering en sy geloof verseker, van die Woordbediening tot by die oortuiging in geloof wat finaal bewerk word deur die blindheid waarmee God Elymas tref. Hierdie oortuiging weet ons werk die Gees in die hart van die gelowige. Ons moet verstaan dat hierdie duidelik onkeerbare geloof in Christus gewortel is in die onkeerbare genade van God in Christus. Niemand, nie eens Satan, kon Christus weerhou van sy taak om ons genadig te verlos van ons verdienste nie. Nie eens Satan kan ons met al sy slim en listige maniere keer om vas te hou aan God as Hy ons sy eie gemaak het nie.

Ons geloof is wonderbaarlik, omdat dit so onkeerbaar is soos die genade van God. Al die sleg in die wêreld kan God se evangelie nie stuit nie, en sy genade aan ons nie keer nie. Genade wat Hy ons gee, waarin ons moet leef tot sy eer, onkeerbaar in ons dank en gehoorsaamheid aan Hom.

Sing: Psalm 59-1:1, 2, 3

Ds. HFR Pelser (Riekert) (Kempton Park)